



Sewende Generasie Richter



Op San-Marié Richter se doop op 7 Junie 2026 in die NG Kerk Piketberg, was vier generasies Richter teenwoordig: Oupagrootjie en Oumagrootjie Gawie en Hepsibah, Oupa en Ouma Chris en Jeanette en haar ouers Danie en San-Marié. San-Marié en ousus Francis is die sewende generasie Richter op die plaas Bontheuvel.
Foto: Jeanri Olwage



Op Karlien Richter se doop op 5 Julie 2026 in die NG Kerk Piketberg, was vier generasies Richter teenwoordig: Oupagrootjie en Oumagrootjie Gawie en Hepsibah, Oupa en Ouma Chris en Jeanette en haar ouers Gawie en Marelize. Karlien is, saam met haar niggies, die sewende generasie Richter op die plaas Bontheuvel. Die eerste Christiaan Petrus Richter het die grond in 1872 gekoop.
Foto: Jeanri Olwage

Piketberg se Koerant
vir Piketberg se Mense
Lees Binne

Waar sien jy?...p2
Dewald en Minette Trou...p4
Kumm na Bergmun...p6
Meesters vir Louwrens...p6
Bergmun begroting...p8
VLV Verfraai dorp...p10
WWW Haarbande...p11
Henro Kiek Prys los...p14
Anderkant 65...p14
Elize Beste Junior Swemmer...p20
Alison se Swemskool Sluit...p22

AUTOTECH

Business Hours:

Mon - Thur: 08:00 - 17:00
Fri: 08:00 - 16:30

Closed during 13:00 - 14:00 daily

Sat/ Sun/ Public Holidays: Closed

Tel: 022 913 1939

(discontinued from 01 March 2026)

+27 73 248 3279

autotechpiketberg@gmail.com

37 Die Trek, Piketberg, WC



Become a Member of
our Promotional
WhatsApp Group:



Weskus Grafstene

Graniet Grafstene
Nisplate
Restourasie
Tweede bewoordinge



Kontak:
068 000 9179 /
070 508 4571



Redaksioneel

Dankie

Die stamwoord *dank* kom uit Proto-Germaans (*þankaz*), wat "gedagte" of "om te dink/besef" beteken. Met verloop van tyd het die betekenis verskuif van 'n "gunstige gedagte" na "welwillendheid" en uiteindelik "waardering" of "dankbaarheid". In Nederlands het die werkwoord *danken* (om te bedank) en die uitroep *dank je* (dankie) ontwikkel. Die uitdrukking *dank je* het in Afrikaans op natuurlike wyse tot die gesproke en bekende *dankie* verander. Vandag sê ek dankie aan Deidré Eigelaar vir die afgelope ses insiggewende aflewings van 'Florerende Gemeenskappe' en aan Linda Sterkenburg vir die interessante gesprekke 'van die bank af'. Aan Carla Visser wat vir net meer as twee jaar *Die Piketberger* se rekeninge puik hanteer het, dankie. Liefde, Marietha

Sat 18 Julie 2026

Praatjie:
Die Avontuur van
Skryf en Dig

Piketberg Biblioteek
08:30 - 12:00

Oop vir skrywers en
lesers.

Bespreek: Ernie Mellet
079 333 0055
erniemel-et@gmail.com
of Gerna Croeser
083 959 7982



Die Piketberger Redaksie

Berigte, Uitleg en Proeflees: Marietha Goosen
☎ 022 913 1796; 083 654 3170

Admin en verspreiding: Marietha Goosen
Advertensies: diepiketberger@gmail.com
Rekening: Carla Visser

Volblad: R580 Halfblad: R410

Kwartblad: R280 Agstebblad: R200



Marietha Goosen



Carla Visser

WAAR SIEN JY?

Waar in Piketberg sal jy dié sien?

Whatsapp jou naam en antwoord na 084 511 2886 en kyk in die volgende uitgawe van *Die Piketberger* wie eerste die regte antwoord gestuur het. Die volgende raaisel sal ook daar verskyn....

Kom ons Piketbergers raak meer van ons Erfenis bewus!



Piketberg Erfenis



 **Piketberg Erfenis**

WAAR SIEN JY?

Die leidraad (kenmerk) in die Junie 2026 uitgawe van *Die Piketberger* was:

Die antwoord is Kerkstraat 5, die Agrisell-Piquet Collective-Blushgebou. Die eerste korrekte antwoord was van Leandré Greeff.



info@piketbergmuseum.co.za



Properties | Eiendomme

Plase & Kommersiële Eiendomme

Quinten Somers: 076 512 2215
Thys Basson: 083 448 1802

Residensieel

Chris-Fick van Niekerk: 083 293 9762
Sandra van Wyk: 082 531 1617

Verhuring

Sue-Maré de Vries: 084 654 2388
Yolanda Crous: 084 506 4288

Te Koop

R445 000



Erf | 612m²
Bluegumstraat, Wheatfields, Piketberg
Kontak Chris-Fick: 083 293 9762

Te Koop

R5 200 000



Stoorkamers | 904.60m²
Vervoersingel, Piketberg
Kontak Quinten: 076 512 2215

Te Huur



Stoorkamer | Piketberg
3m x 6m: R1400 p/m | 3,5m x 7m: R1700 p/m
Kontak Yolanda: 084 506 4288

Onder aanbod



Sitrus- en gasteplaas | 3.9 Ha
Clanwilliam
Kontak Quinten: 076 512 2215

Onder aanbod



Kern- en Steenvrug Plaas | 34 Ha
Wolseley
Kontak Quinten: 076 512 2215

Verkoop deur Chris-Fick



3 Slaapkamer Huis | 2 Badkamers
Piketberg

Dewald en Minette trou



Dewald van Deventer en Minette van den Berg is op 16 Mei 2026 te Morgansvlei Tulbagh getroud. Dewald is 'n ingenieur by Milkor integrated systems wat 'n defence en aerospace maatskappy is. Minette gee onderwys by 'n privaat skool in Durbanville, La Vigne Educational House. Foto: Boland Weddings Markus Gericke en Pyper-Leigh Pringle

VLVK Kongres



Die VLVK Kongres word 20 en 21 Augustus in Port Elizabeth aangebied. Op die foto is die VLVK-President, Hannelie Low, ná 'n onderhoud met Minivan Meyer (minister van Landbou, Wes-Kaap) in Stellenbosch. Die onderhoud is op Saterdag 4 Julie op RSG Landbouweekliks uitgesaai. Dinette Lochner, VLVK-tesourier, is regs.



Bergrivier Dental

TANDHEELKUNDIGE PRAKTYK

Dr. Truter • Dr. Smalberger • Dr. Müller • Bendert Smit

Piketberg • Velddrif • Citrusdal

MONDHIGIËNE
ALGEMENE EN VOORKOMENDE TANDHEELKUNDE
HERSTELLEND TANDHEELKUNDE
ORTODONTIESE TANDHEELKUNDE
MONDCHIRURGIE
KOSMETIESE TANDHEELKUNDE
BLEIKING
MONDSKERMS
BOTOX- EN FILLER BEHANDELING

Slegs per afspraak:
Piketberg - 022 913 1630
Velddrif - 022 783 0207
Citrusdal - 022 921 3110

 @bergrivierdental





WYNLAND

GRONDVERSKUIWING.COM

082 416 2543

Masjinerie te huur:

- * 5 tot 33t Slootgrawers
- * Stootskrapers D6 & D8
- * Padskrapers
- * Dumpers
- * Rollers
- * Waterkarre
- * Masjinerie vervoer
- * Diggerloaders ens.



Dienste:

- * Damme bou en herstel
- * Paaie
- * Bouplatforms
- * Siviele werk
- * Plaveisel pak
- * Ontbossing
- * Grondvoorbereiding
- * GPS Rip en Ridgewerk
- * Spitsdol en Ontworteling



ROLAND RHODES

082 416 2543

wynlandplant@gmail.com



Kyla by VLV



Tydens VLV se Gesondheidvergadering, tree Kyla van Heerden, Biokinetikus, op as spreker. Sy vertel hoe belangrik oefening en fisiese aktiwiteite is om verskeie beserings en mediese kondisies te beheer. Spesiale oefeninge en programme word vir die individu uitgewerk. Kyla is een keer per week by haar praktyk op Piketberg. Sy deel 'n gebou met Dr Stephanie Strydom. Sr Chrismi de Wee van Piketberg kliniek neem die gehoor se bloeddruk en suiker. Sy demonstreer die nuwe HIV-toetsapparaat wat tuis gedoen word. Geen bloedtoetse word benodig nie. Op die foto is Joan van Kraayenburg, voor, met Sonja Lambrechts, Marilyn Solomon, Kyla van Heerden (spreker), Marietjie Brits (saamroeper), Sr Chrismi de Wee en Nicoline Brown (voorsitter).



Kyla van Heerden
Biokinetist

Biokinetics is a specialized healthcare profession that focuses on using exercise and physical activity to prevent and manage various medical conditions and injuries. Biokineticists are trained professionals who assess, prescribe, and supervise exercise programs tailored to individual needs.

BIOKINETIC SERVICES

- **Postural Analysis**
- **Assessment, Evaluation and Exercise Prescription**
- **Orthopaedic Rehabilitation**
- **Chronic Disease Management**
- **Pain Management**
- **Functional Fitness**
- **Sports Performance Enhancement**
- **Corporate Wellness**
- **Home visits**
- **Discovery Vitality Fitness Assessment**

Weskus Grafstene

10 Jaar waarborg
Ontwerp ingesluit
Gratis kwotasie

068 000 9179
070 508 4571

Vredenburg, Piketberg, Paarl, Wellington



CONTACT

- 📍 Hoofst 24, Piketberg
- ✉ kylvanheerden.bio@gmail.com
- ☎ 082 857 4117
- 🌐 www.kineticvitalityhealth.co.za

Kumm na Bergmun

The newly appointed manager: administration and legal support services is Clinton Kumm. He commenced his duties on 2 July 2026. He is an attorney by profession. He will be responsible for managing ICT, Records and Archives Services, Committee and Secretarial Services, Client Services, Legal Support Services and general administrative support.



Meesters vir Louwrens

Louwrens Laing, PHS Hoofseun 2016, verwerf sy Meestersgraad in Mikrobiologie aan die Noordwes Universiteit Potchefstroom. Louwrens is Winkelhoek Wynkelders se Operasionele bestuurder, verantwoordelik vir versnitte van wyn, produksie, logistiek, kwaliteitsbestuur, depots (George en Brackenfell) en verkope.



'n Verdere eer het Louwrens te beurt geval om aangewys te word as een van Suid-Afrika se 30 "under 30 Wine ambassadors". Die ambassadeurs is 30 mense onder die ouderdom van 30, wat die wynbedryf bevorder.



**PIKETBERG BLOEDSKENK
KLINIEKE 2026**
11h00-16h00
Piketberg Sinagoge
Kerkstraat

16 Julie 20 Augustus

Piketberg Animal Care NPC



Advertensie beborg deur Sam en Berenice Scheepers



Die laaste Saterdag van elke maand het ons 'n stalletjie by Piketberg Bo-Berg-Mark.

Besoek ons en ontmoet ons geredde diere, gereed vir aanneming. Kom kyk na pragtige serpe en ander artikels te koop.

Die eerste Saterdag van elke maand is ons by Nieuwedrif mark.

Fun day out for families, dog-friendly, local stalls, good food.



Donasies:

Piketberg Animal Care NPC
Bank: Nedbank Ltd
Account: 131 809 7975
Branch Code: 198765



Katinka Morrison: 082 829 6918
Sheila Bradnick: 072 424 7988 (English)

Follow Us Online
@PiketbergAnimalCareNPC

Hanlie se VRL Goedgekeur



Die Munisipale Bestuurder, Adv Hanlie Linde, het Bergrivier Munisipaliteit verteenwoordig in Frankfurt Duitsland van 14-19 Junie 2026 as een van 8 Sase Munisipaliteite wat gekies is om hul Voluntary Local Review oor die implementering van die Volhoubare Ontwikkelings Doelwitte aan te bied en skouer te skuur met verteenwoordigers van 8 Duitse Munisipaliteite wat met dieselfde proses besig is. Hier staan Hanlie op die 62ste vloer van die Maintower in Frankfurt. Die volle Raad het die VLR van Bergrivier Munisipaliteit op 29 Mei 2026 finaal goedgekeur. Hanlie het dit geskryf sedert Oktober 2025. Dit is beskikbaar op www.bergmun.org.za

A MUST SEE DEAL

**A frame (to the
value of R1200)
and lenses.**

Single vision **R1850**

Bifocal **R2150**

Multifocal **R2950**

COME VISIT US AT OUR NEW PREMISES

Piquetberg mall, Shop UL28 (top of the escalators) | Piquetberg

Call us: 022 913 1349 | WhatsApp: 082 766 9431



BIERMAN GROBBELAAR
OPTOMETRISTS

RENTL
ASSET MANAGEMENT

PIKETBERG

Properties Wanted

We have a number of pre-approved tenants and are currently seeking properties to match their requirements.

Lishka Olesen
060 764 6802
piketberg@rentl.co.za

www.rentl.co.za




FMTM
Therapeutic Massage & Bodywork

FMTM 064 404 9558

Bergmun Begroting Goedgekeur



Bergrivier Munisipaliteit se begroting vir die **2026-2027 finansiële jaar wat R837 328 528 miljoen** beloop, is op Dinsdag, 26 Mei 2026 tydens 'n Raadsvergadering in Piketberg goedgekeur. Die begroting is daarop gemik om doeltreffende dienslewering te verseker en die lewensgehalte van alle inwoners binne die Bergrivier Munisipale Gebied, te verbeter. Die begroting stem ooreen met die behoeftes van die gemeenskappe wat gedien word, soos uiteengesit in die goedgekeurde Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (2022-2026). Sien die opsomming hieronder:



BERGRIVIER
MUNICIPALITY • MUNISIPALITEIT • UMASIPALA
We serve with pride

2026/2027 BUDGET SUMMARY

TOTAL 2026/27 BUDGET	CAPITAL BUDGET COMPONENT	OPERATIONAL BUDGET COMPONENT
R838 million	R119 million	R719 million

MUNICIPAL TARIFF INCREASES	ANTICIPATED INCREASE IN HOUSEHOLD ACCOUNTS PER HOUSEHOLD
Electricity Tariff: 8% increase Water Tariff: - Water basic: 15% increase - Tariff itself: 3,7% – 6% Sanitation Tariff: 4,75% increase Refuse Removal Tariff: 4,75% increase	(Anticipated increase from 1 July 2026 per average household size/ category) Indigent / Pensioner Household: R85.17 per month Affordable Household: R257.40 per month Middle Income Range: R394.32 per month

SUBSIDIES AND REBATES		
INDIGENT HEADED HOUSEHOLDS (CATEGORY 1) - Combined Household Income Threshold: R0 - R5 400 100% rebate on selected basic service tariff – Sanitation and refuse removal 100% rebate on property rates on all properties 50kWh free electricity units per month 6kl free water allocation per month, including basic charge	CATEGORY 2 Pensioners - Combined Household Income Threshold: R0 - R12 000 50% rebate on selected basic service tariff – Sanitation and refuse removal 50% rebate on property rates on all properties 6kl free water allocation per month, including basic charge - Older than 60 years old to qualify	INCREASE IN RATE REBATES ON RESIDENTIAL PROPERTIES FROM R15 000 - R45 000

Council Approved Budget 2026/2027

www.bergmun.org.za 022 913 6000

Volledige besonderhede van die goedgekeurde GOP, begrotingsdokumente en besonderhede van die vasgestelde tariewe is beskikbaar op die munisipale webwerf (www.bergmun.org.za) en by alle munisipale kantore en biblioteke binne die munisipale gebied.

Die volgende Piketberger verskyn op 6 Augustus 2026
Sperdatum is 28 Julie 2026



PIKETBERG

UPPER LEVEL SHOP 22 | TEL: 022 913 1054
BOLAND SPAR CENTRE, 54 LONG STREET

LADIES ASSTD
KNITWEAR

69.99

LADIES BALLOON
JEANS

279.99



MENS ASSTD
PRINTED
HOODIES

99.99

MENS ASSTD
JEANS

149.99




LADIES
MELTON JACKET

299.99

LADIES
SLEEVELESS
DRESS

69.99



MENS PTD
FLEECE HOODY

69.99

MENS ASSTD
TRACKPANTS

99.99



**PRICES
VALID FOR
TRADERS
PIKETBERG!**

PLENTY SPECIALS WITH LOW LOW PRICES!!!

PRE-BOYS
ASSTD FLEECE
HOODIES

29.99

PRE-BOYS
TRACKPANTS
FROM

29.99



PRE-GIRLS
TIERED DRESS

29.99

GIRLS
STOCKINGS

29.99



PayJustNow.

TODD BOYS
FLANNEL SHIRT

69.99

TODDLERS
ASSTD
POLONECKS

14.99

TODD BOYS
JEANS

29.99



Find us on:
facebook.

TODD GIRLS
FRILL PTD TEE

19.99

TODD GIRLS
FRILL JEANS

29.99



sassa

BAYSIDE MALL 021 522 9779
 BEAUFORT WEST 023 415 1060
 BELLVILLE 021 949 7639
 CERES 023 313 1011
 CLAREMONT 021 671 1625
 EERSTE RIVER 021 902 0209

GATESVILLE 021 637 2416
 GOLDEN ACRE 021 418 3439
 GRABOUW 021 859 3811
 KENILWORTH CENTRE 021 671 0435
 KRAAIFONTEIN 021 987 0291
 MALMESBURY 021 487 2532
 N1 CITY 021 595 1557

021 637 2416
 021 418 3439
 021 859 3811
 021 671 0435
 021 987 0291
 021 487 2532
 021 595 1557

044 272 0572
 021 872 0712
 021 911 3484
 021 376 3719
 028 713 1519
 023 626 1011
 021 851 5381

044 272 0572
 021 872 0712
 021 911 3484
 021 376 3719
 028 713 1519
 023 626 1011
 021 851 5381

VREDENBURG 022 715 3303
 VREDENDAL 027 213 1079
 WORCESTER 023 342 4754
 WORCESTER- 023 346 4681
 DURBAN RD
 WATERGATE 021 388 0242
 WYNBERG 021 761 4911
 HEAD OFFICE 021 447 4725



VLV Sirkel Verfraai



VLV Sirkel Weskus se projek vir 2026 is Sirkel Weskus Verfraai. Die bestuur besluit om ag vullisdromme te verf en sodoende die dorp te verfraai. Die gedagte is dat die mooi vullisdromme inwoners sal aanspoor om vullis in die dromme te gooi. Baie dankie aan Bergrivier Munisipaliteit: Tegnieese afdeling vir die vervoer van die dromme na die regte plekke vir verf en oplaai. Sarie en Johan Louw, dankie vir jul reëlins om die verfwerk by die Munisipale Herwiningsaanleg te doen. Dankie aan die tegnieese span wat besig is om dit stewig en veilig te installeer en sodoende diene te fnuik! Kyk uit vir die mooi kleurvolle dromme wat binnekort in Langstraat opgerig gaan word. Bergrivier Munisipaliteit het ook 'n donasie bewillig vir die projek en VLV bestuur en lede het die verfwerk uitgevoer. Hierdie vullisdromme is oorhandig aan Riaan de Vries, wyksraadslid, en die Tegnieese span tydens die VLV Gesondheidvergadering op 11 Junie by die Biblioteeksaal.



Radie Kotze Hospitaal
Nuwe kontaknommer: 022 913 1013



LUNA HEALING

Remedial Sports Therapist

Mellissa Williams

**Contact:
082 301 0048**

f Luna Healing

**Die volgende *Piketberger*
verskyn op 6 Augustus
Sluitingsdatum is 28 Julie**

NOW BOOKING

Jeanri Photography

- Weddings
- Lifestyle
- Events
- Including album offers

May we never loose our wonder

061 077 5647

@jeanri_photo

Jeanriolwage@gmail.com

piketberg mediese sentrum

Tel: 022 913 1146

Praktyk kontaknr tydens beurtkrag: 064 0710 395

Ma - Vry: 08h00 - 17h30

Sat: 08h00 - 13h00

Dr Pieter Bruwer (Spesialis Huisarts)
Dr Sam Scheepers (Algemene Praktisyn)
Dr Bibi Werle (Sonar)
Ilse Bruwer (Spraaakterapeut)
Merina de Waal (Dieetkundige)

WWW Brei Haarbande

Die NG Kerk se Wol Warm Winter (WWW)-breiers het gedurende Mei en Junie vir elke dogter by Steynville Primêre Skool 'n haarband gebrei.



Chamonique van Rooy, Veresia Nero en Surika Smith ontvang hulle klasse se haarbande.



Stik&Stoffeer

Christo: 083 399 7988

Linda: 083 501 3637

022 913 3326

oregonandmore@telkomsa.net

- Stoffering van banke en stoele
- Motorsitplekke
- Trekkersitplekke / Bakkiesitplekke
- Wye reeks stoffeer- en gordynmateriale om van te kies en bestel
- Restourasie van meubels
- Geskenke en Dekor
- Slyn van messe

Langstraat 59, Piketberg
Reg oorkant AGRIMARK

~ Waar mooi maak en nuut
maak nooit ophou nie! ~



Dr Stephanie Strydom
Winelands Diabetes

info@winelandsdiabetes.co.za
www.winelandsdiabetes.co.za

021 863 0101
079 608 5747

Main Road 42A, Paarl
Hoofstr 24, Piketberg



WE BUY TRUCKS

ANY MAKE. ANY MODEL. ANY CONDITION.

**GET A FAIR PRICE
TODAY!**

We make selling your truck quick, easy and hassle-free. Running or not, we're interested!



FAST • EASY • RELIABLE • PROFESSIONAL



FAST PROCESS

Quick quotes and same-day decisions.



FAIR PRICES

We offer competitive prices for all trucks.



ALL TRUCKS WELCOME

All makes, all models, any condition.



INSTANT PAYMENT

Get paid fast with a smooth process.



**READY TO SELL?
WE MAKE IT HAPPEN!**

CONTACT US TODAY!



STEYN ROODE
074 283 0970



LUCY ROODE
084 690 5569



VISIT US ONLINE
www.cttrucking.co.za



FOLLOW US



ONE TEAM.
ONE MISSION.
MOVING FORWARD
TOGETHER.

CT TRUCKING
WE BUY TRUCKS

**2015 FAW 8-140FL
5 TON FLAT BED**

ENGINE RECON
WITH NEW TURBO

TRUCK IN VERY
GOOD CONDITION
IDEAL FOR DRIVING SCHOOL
OR FARM WORK

WELL MAINTAINED
READY TO WORK

R240 000 + VAT

CT TRUCKING
WE BUY TRUCKS

BUILT TO WORK. READY TO ROLL.

**2016 KIA K2700
TIPPER**

175 000KM

RELIABLE PERFORMANCE

DURABLE TIPPER BODY

FUEL EFFICIENT

READY TO WORK

R170 000 + VAT

QUALITY TRUCKS
YOU CAN TRUST

EXPERT ADVICE
EVERY STEP

SUPPORT THAT
KEEPS YOU MOVING

CT TRUCKING
WE BUY TRUCKS

BUILT TO WORK. READY TO ROLL.

**2017 MERCEDES-BENZ
26-28
10 CUBE TIPPER**

10 CUBE TIPPER

WELL MAINTAINED
& WORK READY

STRONG & RELIABLE
PERFORMANCE

R795 000 + VAT

CT TRUCKING
WE BUY TRUCKS

**2000 ISUZU NQR 500 DROPSIDE
DROPSIDE**

NQR 500

DROPSIDE BODY

WELL MAINTAINED
& WORK READY

STRONG & RELIABLE
PERFORMANCE

R195 000 + VAT

CT TRUCKING
WE BUY TRUCKS

**2020 MERCEDES-BENZ
26-52 ACTROS LS/33 RE**
TOP OF THE RANGE TRUCK TRACTOR

TOP OF
THE RANGE

2020 MERCEDES-BENZ
26-52 ACTROS LS/33 RE

WITH JUST
400 000KM

FULL SERVICE
HISTORY

R850 000 + VAT

CT TRUCKING
WE BUY TRUCKS

**MERCEDES-BENZ 26-33 V-SERIES
COMES WITH HIGH DROP SIDES**

MERCEDES-BENZ
26-33 V-SERIES

COMES WITH
HIGH DROP SIDES

WELL MAINTAINED
& WORK READY

STRONG & RELIABLE
PERFORMANCE

R250 000 + VAT

CT TRUCKING
WE BUY TRUCKS

18M CHERRY PICKER
ENGINE AND BATTERY OPERATED

18 METRE
WORKING HEIGHT

ENGINE AND
BATTERY OPERATED

TOWABLE AND
EASY TO OPERATE

R350 000 + VAT

CT TRUCKING
WE BUY TRUCKS

**2001 CASE 580 SUPER M 4x4 TLB
WITH FORKLIFT FORKS**

4x4 TLB

FORKLIFT
FORKS

WELL MAINTAINED
& WORK READY

STRONG & RELIABLE
CASE PERFORMANCE

R285 000 + VAT

Henro Kiek prys los

Henro Brand, PHS-oud-leerder en tans besig met 'n vierjaar graadkursus aan die Belgium iTversity in Stellenbosch, het Atlantic Fertilizer Agri se fotokompetisie gewen. Sy wenfoto, onder, met die titel "Onder Blou Hemele" besorg aan hom 'n paar hampers, wyn, kontant en 'n jaar se aanlyn intekening op 'n paar landboudydskrifte. Henro se fotografieloopbaan het begin by PHS- en Swartland fotoklub, waar hy in 2024 internasionaal benoem is.




Onder Blou Hemele. Foto: Henro Brand

VLV Hamburgers



Moira van der Westhuizen en Jansie Truter van Piketberg VLV, saam met die VLV-bestuur, besig om 200 hamburgers op bestelling voor te berei. VLV bedank elkeen wat hierdie fondsinsameling ondersteun het. Ook 'n hartlike dank aan die braaiers. Julle is sterre.

VLV Opvoeding en Kultuurvergadering is op 13 Augustus 2026. Dr Thys Smith kom gesels oor sy boek "Anderkant 65 Oor aftrede en daarna". Boeke sal beskikbaar wees.



Nuwe Brilraam 'Tracer' by Van Der Westhuizen Oogkundige



Die Brilraam 'Tracer' by Van Der Westhuizen Oogkundige is die nuutste toevoeging in toerusting wat pasiëntediens verbeter.

SSS Skaak



SSS Skaakleerders neem deel aan die Laerskool Swartland op Malmesbury se Ope toernooi op 20 Junie 2026. Rudighar Swarts behaal tweedeplek in the Prestige afdeling waar hy 4 uit die 5 wedstryde wen.

Uitslae vir die res van die span:

Prestige: 1. Rudighar Swarts 4/5, 2. Taloghan Swarts 2/5, 3. Yardley Swarts 2/5, 1. Evan Brand 1/5, 2. Enver Afrika 2/5

Ope: 1. Charmel Bason 3/5, 1. Tyler Adams 3/5, 3. Faheem Struis 3/5, 4. Jondré Swartz 3/5, 5. Leshey Adams 2/5, 6. Janey January 2,5/5, 7. Faith Williams 2/5, 8. Liam Monk 2/5, 9. Chrizaan Booise 2/5, 10. Kayla Visagie 0/5, 11. Jasmine Boois 0/5, 12. Shuane Gouws 0/5, 13. Xavier Kliefas 3/5, 14. Eean Makayah 1/5

PIKETBERG

PHYSIOTHERAPY

📞 082-440-8500
 ✉️ piketphysio@gmail.com
 📍 1926 Building, corner of Church & Voortrekker Street, Piketberg



R99 Eye Exam

Until End of July 2026
T's & C's Apply



Van Der Westhuizen
Oogkundige

Visie &

Oog Sorg

Dienste sluit in:

- ✓ Kinder Oog Sorg
- ✓ Volledige Ondersoeke / Verskeie Bril opsies
- ✓ Infeksie beheer / Foreign Body Removal
- ✓ Kontaklense & Oplossings
- ✓ Pakket Opsies / Lay-Buy beskikbaar

Jeep
EYEWEAR

PB 022 913 1747



STEPPER
EYEWEAR

CD 022 921 2024

VDWOptometris.co.za



SSS Drama



Steynville Sek se Drama- en Koorgroep neem op 16 Junie 2026 deel aan die Youth Day Festival te Malmesbury. Begeleiers is Keanu Brink, Rochelle Swarts en Millicent Hofmeester, Sport en Kultuur assistent.



Dieresorg-wenner

Dr Jasper Müller, wenner van Piketberg Dieresorg NPC se lootjietrekking, ontvang sy prys van Katinka Morrison. Baie dankie aan almal wat ondersteun het. Fondse tbv diere van behoeftige eienaars.

Die Kletsklas (deel 2) deur Anita

Moenie mans weggooi nie! Hulle sê vrouens is skinderbekke, maar hulle is net so skuldig. 'n Groepie mans van die distrik, sit elke Maandag in die dorp en koffie drink, wanneer die kinders by die koshuis afgelaai is. Daar word flink aanmerkings gemaak oor veral dames wat inkom. 'n Aantreklike, middeljarige dame kom die vertrek binne. Almal maak aanmerkings - kyk daai lyf, bene en blonde hare. Was hulle buite, sou hulle waarskynlik gefluit het. Koos sê toe: Julle sal nie glo nie, maar haar ouma het nes 'n heks gelyk. Haar krom neus en ken het byna aanmekeer geraak. Mense het gesê sy sal nooit doodgaan nie, want as sy haar laaste asem uitblaas - sal haar neus dit inasem. Daar word hartlik gelag. Hulle kan nie glo dis haar kleinkind nie en toe die dame uitloop, sê een: "Julle, mooi bly maar mooi!"

Die volgende Maandag sit hulle weer daar - Koos is nie by nie. 'n Ander vriend, Pieter, wat hulle lanklaas gesien het, word in die skinderkring verwelkom. Koos se storie word vertel deur Patrys, wat nog nie te lank in die kontrei woon nie. Daar word proes-proes gelag en Pieter maak vinnig verskoning, aangesien hy haastig is.

Johan slaan Patrys op sy rug, met geweld. Weet jy nie, die Heksie-tannie was Pieter se ouma nie? So haal sommige stories jou in en word jy nog lank daaroor geterg. Oppas watter storie jy van ander vertel - daar's altyd iemand van iemand se familie, veral op 'n kleiner dorp.

Blomweek 23-30 Aug 2026



Hierbo is 'n terugblik na 2025 se Blomweek. Danksy die mooi gesindheid van Piket-Bo-Berg se blomboere en die kreatiewe hande van vrywillige blomkunstenaars en helpers, word die historiese NG Kerkgebou reeds vir die afgelope vyf jaar tydens blomtyd omskep in 'n uitbundige blommeprag. Hierdie asemrowende skouspel slaan elke jaar die asems van toeriste weg en hulle verwonder hulle aan die skoonheid van ons omgewing. Kom wees deel, bied jou hulp aan, kom kyk, nooi mense en bring eer aan God.

Lenie se Sakke



Lenie Otto, vaardiger naaldwerkster, is op 80 steeds vlytig aan die stik. Hier is Lenie met haar nuutste skeppings: kleurvolle sakke van verskillende groottes. Kontak Marietha Goosen 083 654 3170 indien u belang stel.

WAT GEBEUR ALLES BY PIKETBERG MUSEUM?

Die volgende paar maande is propvol baie interessante projekte. Kyk gerus op ons Facebook blad vir meer inligting.

- ✓ 2026 Fotokompetisie
- ✓ Blomweek:
Voëlverskrikker-kompetisie
- ✓ Blomweek:
Houtuitstalling
- ✓ Olywe inlê en verkoop
- ✓ Waar sien jy?

www.piketbergmuseum.co.za





Kontak gerus vir Marié

info@piketbergmuseum.co.za/022 913 2177



■ ■ ■ Piketberg Museum 2026 FOTO- KOMPETISIE

Dis weer tyd vir Piketberg Museum se jaarlikse fotokompetisie en dié jaar soek ons foto's van Piketberg se historiese geboue OF 'n heden-tydse foto van 'n ou foto uit die museum.




Maak 'n Blomweek- voëlverskrikker en wen R1000!

Help ons om besoekers vir Blomweek te verwelkom met voëlverskrikkers en blomme op die lampale vanaf die N-t in Kerkstraat. Die sluitingsdatum om voëlverskrikker te Piketberg Museum in te handig is **Woensdag 12 August**

Jou voëlvers

ter hoo



Op die Rakke van die Biblioteek

Wanneer die Krieke stil word deur Petro Kotzé-Odendaal



Bespreking deur Nolie Eksteen

Petro Kotzé-Odendaal is 'n radio-omroeper en 'n bekende pastoor in Noordwes. Sy preek en skryf, gebore uit die harde leerskool van die lewe, nie om te oordeel nie, maar om te motiveer. Die roman handel in die breë oor die verlamme siklus van slagofferskap en intergenerasietrauma. "Seer mense maak seer", maar dan eintlik oor vergifnis. Die vierjarige Petro vertel van haar alkoholis-pa, van die disfunksionele, brandarm gesin waaruit sy kom, en haar eerste herinneringe aan haar pa wat haar ma aanrand. Sy word 'n vegter in hierdie huis waaruit sy kom. Sy het 'n PA wat gewelddadig en dronk is, en 'n PAPPa wat sag en liefdevol kan wees. Sleg is net dat hulle nooit weet watter een by die deur instap nie. Tussen haar gevoel van haat teenoor, en jammerte vir haar pa, leer sy die pyn van tweeledige liefde ken. Ongelukkig sou dit ook 'n herhalende siklus word in haar persoonlike verhoudings met mans, soos haar kêrel, Jakes, en haar man, Adriaan. Haar ma leer haar hoe om lief te wees en lief te bly vir 'n monster – haar pa en haar man. Sy onthou later in haar huwelik soveel van haar pa se optrede, wanneer haar man, Adriaan, dieselfde dinge doen. Vir Petro is haar ma "'n sterk vrou, sterker as Simson". Sy beskerm haar kinders en stel hulle bekend aan God en Sy beskerming en troos. Haar ma word later jare ook haar klein-kind se buffer teen sy verslaafde, gewelddadige pa. Dwaarsdeur haar kinderjare leer sy dat God haar beskerm is en altyd naby is. Sy ervaar dat God se engele soms mense in gewone klere is. Dit is 'n wete wat haar hele lewe by haar bly en haar dra. Sy word in die Volle Evangeliekerk in Orkney gedoopt en hoor duidelik hoe die Heilige Gees vir haar fluister: "Petro, jy moet hulle vergewe en vergeet wat teen jou oortree." Vergifnis kom egter moeilik en met tyd. Jakes is 'n aantreklike man. Sy

ontmoet hom in haar Gr11-jaar. Hy is 'n wolf in skaap-sklere, 'n manipulerende narsis, wat Petro sielkundig afknou en ander verhoudings met vroue het. Hy word die wig tussen haar en vergewe. Dit is Adriaan, wat haar eerste eggenoot word, al is hy 7 jaar jonger as sy. Dit was op p81 "die uitdrukking in sy oë, die seer trek om sy mond" wat sy raaksien. Adriaan self is getraumatiseer agv besluite wat hy in sy jeug neem. Hy begin drink en gebruik dwelms – en die siklus van geweld waaraan Petro as dogtertjie blootgestel was, word voortgesit. Sy ervaar God as haar enigste toevlug. Toe Adriaan in die rehabilitasiesentrum is en die pastoor nie opdaag vir die diens nie, is hy die een wat sê sy vrou is 'n pastoor en kry sy die geleentheid om 'n boodskap te bring, in dieselfde kapel waar sy gaan bid het toe haar eie pa daar was. Met tye gaan dit beter met hul verhouding tot sy 'n naweek vir hom gaan kuier. Sy los hul seuntjie by haar ma. Sy bly ongerus voel oor die naweek, maar God verseker haar Hy is by haar. Die aand gaan koop Adriaan dwelmmiddels, wat tot sy dood sou lei. Voordat hy sterf, bel hy haar ma en vra haar om mooi te kyk na "sy laaitie". Hy verseker sy seuntjie van sy liefde vir hom en dat hy trots is op hom. Dan bedank hy Petro. Hy sterf van die dwelms wat hy geroek het – stil in sy slaap. Hy was skaars 29 jaar oud. Petro stig die geestelike koerant *Voetlig* - die begin van haar eie loopbaan, gebore uit die diepste nood. Ook hierdie pad is nie sonder uitdagings nie. Dwaarsdeur die roman sien Petro egter die hand van die Here en al raak die geloofspad al steiler, slaag sy telkens daarin om die ondenkbare te oorwin – ook depressie, borskanker en 'n angsversteuring. 'n Sterk tema deur die verhaal is dié van verslawing en vergifnis. Mense is dikwels "verslaaf" aan kwaad wees vir ander. Slegs deur vry te stel en te vergeef, sal jyself verlos word. Vergifnis kom egter dikwels te laat en daardie wroeging hou jou vas. Onthou dat waar en wat elkeen van ons is, is slegs genade. In die skrywer se eie woorde: "Dat daar lewe ná vergifnis is. Vergifnis is die grootste liefdesdaad wat jy aan jouself kan bewys. Liefde kry altyd 'n tweede kans. Jy is nie 'n produk van wat met jou gebeur nie. Jy is 'n produk van God se genade en hoe jy kies om te reageer op dit wat met jou gebeur." Op p62 haal sy woorde uit 'n liedjie van Juanita du Plessis aan:

"As ek eendag moet terugkyk op my lewenspad, dan sien ek elke draaitjie, elke kronkelpad, die spore van my lewe was lankal reeds bepaal, elke tree vertel 'n ou verhaal. Elke afdraaipaadjie sien ek duidelik raak, maar deur dit alles Heer het U oor my gewaak. En oral in die donker het U my weer kom haal, want U weet elke kind kan soms verdwaal. Sonder dat ek weet het U my altyd vasgehou, en sonder dat ek weet het U genade my omvou. Al my lewensdrome het U in U Hand bewaar, Liewe Heer, U was nog altyd daar."



AVAILABLE
FOR
JULY

THE OUTPOST

RESTAURANT

GOOD FOOD
GOOD TIMES
GREAT COMPANY

GREAT FOOD. GREAT VALUE.
MADE FOR YOU!

HAKE SPECIAL



FULL HAKE **R129.99** OR HALF HAKE **R88.99**

★ MEGA PLATE ★



R199.99

400G RIB, 200G PORK CHOP
AND A CHICKEN THIGH

200G AVALANCHE STEAK



R179.99

TOP UP TO 300G FOR R45 EXTRA

RED BULL WING RUSH



R129.99

8 PIECES OF WINGS
(BASTED, PLAIN OR SPICY)
WITH LOADED FRIES AND
A FREE RED BULL

GREAT FOOD. GREAT VALUE. GREAT COMPANY.

PH: 064 559 9017

Elize Beste Junior Swemmer



Elize Pretorius is by die onlangse Swartland Aquatics prysuitdeling aangewys as Beste Junior Liga Dogter en behaal 'n 2de plek in vordering in rugslag. Die Pretoriusgesin bedank die afrigters van Swartland Aquatics vir hulle tyd en omgee vir die kinders.

SSS Weskus Landloop



Op 30 Mei 2026 was Steynville Sekondêre Skool die gasheer vir die Weskus Landloop Liga 3 byeenkoms. Weskusskole soos Hoërskool Weston, Jurie Hayes Primêr op Vredenburg en Hopefield Primêr se landloop atlete was by die byeenkoms.



20 Jaar gelede – Julie 2006

Redakteur: Pierre Steenkamp

Mede-Redakteur, berigte en foto's: Marietha Goosen

Advertensiebestuurder: Deon van Dyk

20 bladsye R1,00

Rubrieke: Uit Jannie se pen;

Magdaleen van Zyl: Oase in die Swartland; Clare Menck gesels met Margaretha Magdalena Greeff
Voorblad: Comrade Peet speel nie langs die pad nie. Hy ontvang sy vierde Bill Rowan-medalje. **Charla Wiese tree op in Jesus Christ Superstar.** De Villiers-van Zyl Prokureurs open op Piketberg. **7deLaan Modeparade by Karookop Primêr.** Huis AJL se ruskamers word opgeknep. **Mnr en Mej PHS is Paulthan Abrahams en Jani Hougaard.** Piketberg VLV hou Huishulptee. **PPC skenk R15 000 aan PHS.** Die Goosen, Louws en Van Niekers vertrek op 'n uitreik na Mosambiek. **Skoolkore van Calvinia tot Tulbagh ding sedert 1911 mee om die "Public Choir Challenge Shield".** Eendekuil ontvang hulle nuwe leraar, ds Frik Louw en sy vrou, Elsa. **Bertus Hanekom se musiekloopbaan te danke aan R2'e.** **Lirina van Lirina's Velsorg kliniek trou met Tienie Bredell.** **Springkastele, Waterwurm en Ball Pond te huur by Coenie en Margaret Smit.** Franse kuier op Piketberg by Chris en Juanita van der Merwe, op die vooraand van PHS rugby se besoek aan Frankryk in 2007. **Bouwerk aan Boland Spar vorder fluks vir nuwe winkels.** Rolbalkampioene is Gawie Richter en Sonia Richter.

Die volgende *Piketberger* verskyn op 6 Augustus 2026.

Sperdatum is 28 Julie 2026.

MEDIESE PRAKTISYNS

Drs Smit & Morrison

Hoofstraat 60 Main Street
PIKETBERG
7320

☎ 022-913 1172
alle ure / all hours
📠 022 913 1907

Besigheidsure / Business Hours
Ma - Vry 08:00 - 17:30 Mo - Fri
Sat 08:00 - 13:00



Your dedicated
PIKETBERG
Area Specialist

LISHKA OLESEN
SALES

CONTACT

☎ 060 764 6802

✉ lishka.olesen@seeff.com

REGISTERED WITH THE PPRA: FFC - 2024010217266623




PHS Sterre



Joel Shaundurai is opgeneem in die Boland O/16 Grant Khomo-span wat later vanjaar in Durban deelneem. Joel, sedert 2025 by PHS, speel slot en het hom bewys as 'n hardwerkende en doelgerigte speler. Sy toewyding op en van die veld, en sy konsekwente vertonings, bied hom die geleentheid om op provinsiale vlak raakgesien te word. Die Grant Khomo-toernooi is een van die mees gesogte

skole-rugbygeleenthede in SA en bied spelers die kans om hul talent teen van die land se beste te meet.

JT Mdabuli kry tydens vanjaar se Wes-Kaap netbaltoernooi in Mosselbaai sy Netbal Suid-Afrika C (NSA C) skeidsregtersgradering. Op die jong ouderdom van 17 jaar is hierdie 'n ongelooflike prestasie en 'n besondere mylpaal wat nie sonder harde werk en deursettingsvermoë moontlik is nie. JT se karakter en passie is sy dryfkrag.



Ava Maarman (O/13), Priya Booyes en Jani van Niekerk (o/15) is opgeneem in die onderskeie Weskus Inter-distrik Netbalspanne. Hierdie prestasie is die resultaat van harde werk, deursettingsvermoë en toewyding, en ons is ongelooflik trots op wat julle bereik.



Alison se Swemskool Sluit na 27 jaar

Alison Müller skryf...

Dit is met wonderlike herinneringe dat ek hierdie laaste swemberig skryf. Ek het ná 27 jaar besluit om af te tree as swem-afrigter. Aan die begin van my swemkursusse het ek soggens opgery na die Starkes se swembad en daar in die kouewater lesse gegee. Lauren Jankielsohn het saam met my gery. In die middag was my lesse in ons eie swembad. As ek terugdink, weet ek nie hoe ek dit gedoen het nie! Ek onthou Quinta Eigelaar, haar ma, Deidré, was gedetermineerd dat Quinta so gou moontlik moes leer swem, vanweë die baie oop wateroppervlaktes op die plaas. Sy was net 18 maande oud. Sy het so gekree dat die ander mamas weggehardloop het! Sy het vinnig geleer swem sonder enige sielkundige letsels. Die snaaksste herinnering wat ek het, was toe 'n kind agv vervoerprobleme nie opdaag nie, en ek met my duikpak aan ry om haar te gaan haal. Ek wil alle ouers hartlik bedank vir julle ondersteuning deur die jare en al die leerlinge wat my gehelp het tydens die lesse. Charné Augustyn, nou Viljoen, het vir twee jaar voluit gehelp en gekwalifiseer as 'n swem-afrigter. Sy het in 2014 my swemkursus behartig toe ek oorsee was met die Bergrivierkoor. Dan wil ek my 4 dogters bedank vir hul hulp terwyl hul nog op skool was; my huishulp Leah wat al 42 jaar by ons is, my man, Pierre, sonder wie ek nie sou kon funksioneer nie. Hy het vir die verhitting van die swembad, elke dag se skoonmaak van die swembad en uithaal van al die paddas elke oggend gesorg. Ek dank die Here vir die voorreg om so baie kinders te kon leer swem.



1999: Chris Rheeder, Harry Roux en Jac Goosen

Leana van Niekerk skryf namens vele ouers...

Ek is dankbaar vir die voorreg dat my kinders swemlesse by tannie Alison kon neem. Sy het vir seker vele kinders se lewens potensieel gered van verdrinking. Haar missie was om soveel moontlik kinders te kry om waterveilig te wees, om gemaklik in die water te wees, sonder om bang te wees en uiteindelik te kon swem. My kinders het die swemlesse vreeslik geniet. Dit was 'n hoogtepunt elke jaar. Nou is hulle, ná haar swem opleiding, soos visse in die water. Ons het net een jaar ons swemlesse gemis, dit was tydens Covid, toe tannie Alison 'n knie operasie gehad het. Behalwe vir die swemgenot, het sy vir hulle die regte swemstyl geleer en hul tegniek verbeter. Ek was elke keer verstom oor tannie Alison se gemaklike aanslag, haar kennis van swem en die eenvoudige maniere om die kinders te bemoedig deur hulle te prys, 'n jelly tot en 'n sterretjie op 'n sertifikaat. Die gradering was ook oulik, van babavis, paddavis, krokodil, seehondjie, stervis tot by gouevis. Uitmunterende gemeenskapsdiens. Tannie Alison verdien 'n medalje.

Name van my eerste swemleerlinge in 1998:

Babavissies: Jani Truter, Susan Boot;

Krokodille: Chrystill January, Rina de Villiers, Marais Gouws, Dewald Greeff, Robert Edmonds, Samantha Langton, Carina Eksteen; **Paddavisse:** Jani Smit, Robin Dwyer, Simon Dwyer, Johan Agenbag, Sumarie Linde, Arno Neethling, Ruan Birk, Carla Smit, Wiaan Carstens, René Engelbrecht, Teon Bosch, Dene Nel, Geoffrey Bryant, Charl Ellis, Lisa van der Merwe, Claudia Jones, Catherine Paterson, Rebecca Starke, Quinta Eigelaar, Samantha Edmonds, Lara van der Merwe, Lucille van Louw, Sheniz Boois, Annemarie Boot; **Stervisse:** David van Louw, Bobby Greeff, Danie Cillié; **Seehondjies:** Mignon Nel, Christel Smit, Lauren Jankielsohn, Martin Gouws, Erick Engelbrecht, Merisa Smit, Stephan Basson; **Gouevisse:** Elizna Theron, Emma Starke, Liebré Eigelaar, Karlita Morrison, Leani Cillié, Jane Paterson





LOWER LEVEL

EVERYDAY ESSENTIALS.
RIGHT WHERE YOU NEED THEM.

OPEN NOW

SUPERSPAR	SUPERSPAR
tops! at SPAR	TOPS @SPAR
CLICKS	CLICKS
African Bank	AFRICAN BANK
CELL CITY	CELL CITY
THE CRAZY STORE	CRAZY STORE
PEP	PEP
BOUGIE BARBER	BOUGIE BARBER
power FASHION	POWER FASHION

OPENING SOON

mr price
MR PRICE

UPPER LEVEL

FASHION. LIFESTYLE. FUN.
ALL IN ONE PLACE.

OPEN NOW

NEDBANK	NEDBANK
Standard Bank	STANDARD BANK
sportscene	SPORTSCENE
TRADERS WAREHOUSE	TRADERS WAREHOUSE
Full House	FULL HOUSE
RAGE	RAGE
PEP HOME	PEP HOME
REFINERY	REFINERY
home express	HOME EXPRESS
Franco Ceccato SHOES	FRANCO CECCATO SHOES
STUDIO 88	STUDIO 88
Tekkie Town	TEKKIE TOWN

OPENING SOON

PET STOREY	PET STOREY
vida e caffè	VIDE E CAFFE
FISH AND CHIPS BASKET	FISH AND CHIPS BASKET
DEBONAIRS PIZZA	DEBONAIRS PIZZA
ROOTS & BOOTS	ROOTS AND BOOTS
ORBIT CELLAR	ORBIT CELLULAR
LIBERTY	LIBERTY FINANCE
EXACT	EXACT
FARU	FARU SPORT SHOP
THUNDER BROTHERS CAR WASH	THUNDER BROTHERS CAR WASH



**BOTH UPPER & LOWER
PARKING IS AVAILABLE**

All here at
PIQUETBERG MALL



BOTH UPPER AND LOWER PARKING ARE OPEN!



**UPPER LEVEL
PARKING
OPEN**



**LOWER LEVEL
PARKING
OPEN**

Enjoy convenient access to all your favourite
stores, restaurants and services.

THANK YOU FOR SHOPPING WITH US!

SUPERSPAR



mr price



Tekkie Town

tops!
H. K. R. P. S.

PEP HOME

sportscene

EXACT

FULL HOUSE
We can make it good.



**vida
e caffè**



PEP

CLICKS



**power
FASHION**

REFINERY



PIQUETBERG MALL
SHOP. DINE. ENJOY.